

**NELSON MANDELA** (18 Julie 1918 – 5 Desember 2013)

## 1. Aanhalings

(Hieronder volg 'n lys van Mandela se aanhalings van sy eie en ander persone se wysede)



Ek het geleer dat **moed** nie die afwesigheid van vrees was nie, maar die triomfeer daaroor. Die dapper man is nie hy wat nie bang voel nie, maar hy wat daardie vrees oorwin.

Leef die lewe asof niemand kyk nie, en spreek jouself uit asof almal luister.

Een van die moeilikste dinge is nie om die samelewing te verander nie – maar om jouself te verander.

Terwyl ons bevry word van ons eie vrees, bevry ons teenwoordigheid **outomaties** ander.

Probleme breek sommige mense, maar vorm ander. Geen byl is skerp genoeg om die siel te sny van 'n sondaar wat aanhou probeer nie, een **gewapen** met die hoop dat hy selfs aan die einde sal opstaan.

Almal kan **uitstyg** bo hul omstandighede en sukses behaal as hulle **toegewyd** is aan en passievol is oor wat hulle doen.

'n Wenner is 'n dromer wat nooit moed opgee nie.

Onderwys is die magtigste wapen waarmee jy die wêreld kan verander.

Om vry te wees, is nie net om jou **kettings** af te gooi nie, maar om te leef op 'n manier wat die vryheid van ander respekteer en versterk.

Moenie my oordeel aan my suksesse nie, maar oordeel my aan hoeveel keer ek geval en weer opgestaan het.

Deel van optimisties wees, is om jou kop op die son gerig te hou en jou voete vorentoe te laat beweeg. Daar was baie donker oomblikke toe my geloof in die mensdom deeglik getoets is, maar ek wou en kon nie myself aan **wanhoop** oorgee nie. Op daardie pad lê **nederlaag** en die dood.

As jy vrede met jou **vyand** wil maak, moet jy met hom saamwerk. Dan word hy jou spanmaat.

Ek verloor nooit. Ek wen of ek leer.

Deur klein te speel, dien jy nie die wêreld nie. Wie is jy om nie groot te wees nie?

Vergifnis bevry die siel. Dit verwyder vrees. Dit is hoekom dit so 'n magtige wapen is.

Ons moet tyd verstandig gebruik en vir ewig besef dat die tyd altyd ryp is om reg te doen.

Die mens se goedheid is 'n **vlam** wat weggesteek,, maar nooit **geblus** kan word nie.

*Wrewel is soos om gif te drink en dan te hoop dat dit jou vyande sal doodmaak.*

*Niemand wat 'n ander persoon haat weens die kleur van sy vel, sy agtergrond of sy godsdiens word so gebore nie. Mense moet leer om te haat, en as hulle kan leer om te haat, kan hulle geleer word om lief te hê, want liefde kom natuurliker by die menslike hart as die teenoorgestelde daarvan.*

*As mense vasberade is, kan hulle enigiets oorkom.*

*Wat in die lewe tel, is nie die feit dat ons geleef het nie. Dit is watter verskil ons aan ander se lewens gemaak het, wat die belangrikheid van die lewe wat ons lei, sal bepaal.*

*Vir jou om klein te speel, dien nie die wêreld nie. Wie is jy om nie groot te wees nie?*

*Vergifnis bevry die siel. Dit verwyder vrees. Daarom is dit so 'n kragtige wapen.*

*Daar kan geen groter geskenk wees as om tyd en energie te gee om ander te help sonder om iets terug te verwag nie.*

*Dit is wat ons maak uit wat ons het, nie uit wat ons gegee word nie, wat die een persoon van die ander onderskei.*

*Lei van agter af – en laat ander glo dat hulle voor is.*

*Dwase word meer wanneer wyse manne swyg.*

*Jy kan daagliks begin om ons wêreld ten goede te verander, hoe klein wat jy doen, ookal is.*

*Wanneer ons ons eie lig laat skyn, gee ons ander mense onbewustelik toestemming om dieselfde te doen.*

*Mag jou keuses jou hoop weerspieël, en nie jou vrese nie.*

*Die grootste roem in die lewe is nie om te val nie, maar om elke keer as ons val, op te staan.*

*'n Goeie kop en 'n goeie hart is altyd 'n gedugte kombinasie.*

*Terwyl armoede voortduur, is daar geen ware vryheid nie.*

*Eers nadat 'n mens 'n groot heuwel geklim het, kom jy agter dat daar baie meer heuwels is om te klim.*

*Ek is die meester van my lot: ek is die owerste van my siel.*

*Ons diepste vrees is nie dat ons onvoldoende is nie. Ons diepste vrees is dat ons onmeetlik sterk is.*

*Ware leiers moet gereed wees om alles op te offer vir die vryheid van hul mense.*

*Aksie sonder visie is net tyd wat verbygaan, visie sonder aksie is bloot dagdromery, maar visie met aksie kan die wêreld verander.*

*Soms word dit van 'n generasie verwag om groot te wees. Julle kan daardie generasie wees. Laat julle grootheid bloei.*

*Armoede is nie 'n ongeluk nie. Soos slawerny en apartheid, is dit mensgemaak en kan dit deur die optrede van mense verwyder word.*

*As 'n man die reg geweier word om die lewe waarin hy glo, te leef, het hy geen ander opsie as om 'n misdadiger te word, of om verban te word nie.*

*As jy die samewerking van mense rondom jou wil hê, moet jy hulle laat voel dat hulle belangrik is, en dit doen jy deur opreg en nederig te wees.*

*Dapper mense vrees nie om ter wille van vrede te vergewe nie.*


Mense reageer in ooreenstemming met hoe jy hulle behandel.

(Geredigeer deur Marianne Strydom)

**Bogenoemde inligting saamgestel uit die volgende bron:**

<https://www.goalcast.com/2017/05/02/top-nelson-mandela-quotes-inspire-you-to-believe/>

**2. Mandela se brief in Afrikaans aan Tafelberg Uitgewers**



**Bron:** <https://maroelamedia.co.za/nuus/mandela-se-afrikaanse-brief-uit-die-tronk/#&gid=1&pid=1>